**Volgens Mnr Paul Meyer**
was die verdedigers by Rensburgkoppie op 17 Februarie 1838 die volgende:-

| Registernommer en Naam | Kommentaar |
|---|---|
| 1. b1c5d2e9 Johannes Frederik<br>***Die kommandant by Rensburgkoppie vlgs Paul Meyer*** | ***1810 dws 27j oud. Sy oudste kind is * 1837. Hy kon dus nie 'n dogtertjie gehad het wat al 10j oud was nie, vlgs die oorlewering en die graffie op die terrein** |
| 2. b1c1d4 Hendrik<br>vlgs J Malan in "Boer en Barbaar" en Erasmus Smit se Dagboek | **Oorlede 1828** te Brakkefontein, Somerset ! Die voormalige Veldkommandant |
| 3. b1c1d4e4 Stephanus Johannes | *1790 dws 48j oud |
| 4. b1c1d4e6 Lucas Willem | *1794 dws 44j oud. **My oupagrootjie se oupa** |
| 5. b1c1d4e12 Stephanis Hendrik | *****1813 dws 25j oud. **Die vader van Jan vR vd Keniatrek** |
| 6. b1c1d4e13 Willem Cornelis | *1819 dws 19j oud. **Die latere President. LW hierbo se halwe broer** |
| 7. b1c1d4e5f1 Hendrik Christoffel<br>vlgs Dr Cilliers in "Afrikanerfamilies in Natal | ***1841 dws nog nie gebore tydens geveg** |
| 8. b1c1d4e6f1 Hendrik Nicolaas | *1815 dws 23j oud op 5 Mei. **My oupagrootjie se pa** |
| 9. b1c1d7 Reynier | *1768 dws 70j oud |
| 10. b1c1d7e8 Josephus Cornelis | ~1815 dws 23j oud |
| 11. b5c5 Lukas Marthinus | ~1757 dws 81j oud |
| 12. b5c5d2 Nicolaas Marthinus | ~1783 dws 55j oud |
| 13. b5c5d8 Hendrik Chistoffel | ~1800 dws 38j oud |
| 14. b5c5d9 Lukas Marthinus | ~1803 dws 35j oud |

**Ek kan hierdie bostaande relaas nie ernstig opneem nie weens die volgende redes:-**

Gedagtig daaraan dat ons Boere altyd opsien na ouer mense, kan ek myself nie voorstel dat soveel ouer manne hierdie jongman, b1c5d2e9 Johannes Frederik, sou aanvaar as hul leier nie (daar is 9 manne ouer as hy!)

Hierdie jongman was van 'n ander lyn as die meeste van die ouer manne

Die foute by nrs 2 & 7

Vanaf die webblad: "Johannes Frederik Janse van Rensburg (known as Lang Hans) ..... took command of the Rensburg laager when the Zulu's attacked them....... ***He moved from the Graaff- Reinet area in the early 1840's to the area between Vet river and Vaal river***.........
He was married three times:- in 1830 to Hester Catharina Meyer, they ..........
**The names of his first six children**
**Jacobus Marthinus born 1837**
**Child murdered by Zulu's, name not known** (bron ??? Zoeloes ná 1840 ?
**Susanna Catharina born 1842 "**
Daar is geen melding in "Voortrekkerstamouers", waar Paul Meyer aangehaal word, dat b1c5d2e9 Johannes Frederik die kommandant by Rensburgkoppie was nie. Dit sê slegs dat hy in *1842 al in Natal was*

*****************************************************************

**Uit my eie familiegeskrif**



In die *Grahamstown Journal* van 2 Februarie 1837 verskyn 'n berig en lys van mense wat kort tevore uit hulle wyke weggetrek het en bevat ook die naam van Piet Retief asook sy bekende Manifes. Daar bestaan ook 'n lys ingestuur deur veldkornet DP de Lange op 14 Maart 1837 aan Siviele Kommissaris Campbell, en hy sê *"ik heb geen lijs van H Malan ontvangen. Ik meen dat meer mense uijt de Kalonie is. Ik kon geen suivere lijs insenden. Het is maar dat ik weet. Ik weet*

*seeker dat ik de getal van kinders niet reg opgeeven kan van diegene dat weg is*".

Die Grahamstown Journal se lys van lede van ons familie wat uit die Winterberge getrek het, se gegewens is soos volg:-

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Lucas Rensburg | Vrou en moeder | 1 Kind* | 2 Waens |
| 2 | Hendrik Rensburg | Vrou | 1 Kind | 1 Wa |
| 3 | Willem Rensburg | Vrou | | 1 Wa |
| 4 | Stephanus Rensburg | Vrou | 3 Kinders | 1 Wa |
| 5 | Nicolaas Rensburg | Vrou | | 1 Wa |
| 6 | Hendrik Rensburg | Vrou | | 1 Wa |
| 7 | Johannes Rensburg | Vrou | 3 Kinders | 1 Wa |

* Nie reg nie (de Lange sê 3), maar daar was toe 2 kinders oor in die huis, nl Susanna Elizabeth, gebore 1829 en Gertina Maria Petronella, gebore 1832.

Die verwantskappe hierbo is soos volg:-
1 LW b1c1d4e6
2 HN b1c1d4e6f1- LW se seun.
3 WC b1c1d4e13- LW se halwe broer
4 SJ b1c1d4e4- LW se broer
5 N b1c1d4e2 (d'oude, vlgs de Lange)- LW se broer
6 HC b1c1d6e2f1 (Nzn vlgs de Lange)- die bg broer se seun
7 JJ Waarskynlik b1c1d6e3, 'n neef van LW en WC - hy was moontlik die kommandant van Rensburgkoppie. Hy het op daardie tydstip 3 kinders gehad, van wie een, 'n dogter, op 17 Feb 1838 15j oud sou wees*, terwyl die oorlewering is dat die dogtertjie by van Rensburgkoppie slegs 10j oud was.*

Veldkt. de Lange lys ook 'n Hendrik J v Rensburg *d'oude* met 3 seuns en 1 dogter by die mense wat praat van trek. Ek kan hom nie plaas nie, want LW se broer HC het toe nog nie kinders gehad nie en die ander kandidate kan nie as "d'oude" beskryf word nie.

Die oorlewering lui dat daar 14 weerbare man was by van Rensburgkoppie, wat moontlik ook 'n paar Pretoriusse kon ingesluit het (kyk hierna by van Rensburgkoppie).

Die van Rensburgs se laer was ten Suidooste van Estcourt, langs die spruitjie, tans die Van Rensburgspruit genoem. In "*Voortrekkermense*" van Preller word dit ook die Malanslootjies genoem, omdat Hercules Malan se mense ook daarnaby gestaan het. Die Malans het die plek 'n dag of wat voor die aanval van 17 Februarie op aandrang van Maritz verlaat vir veiligheid nader aan lg se laer. Die van Rensburgs was aan die Oostekant van die spruitjie en die Loggerenberg / Harmse groep en Pretoriusse aan die Westekant, lg egter verder Suid. Die rebelsheid het seker weer gekeer dat hulle ook verskuif het. Ek en my dogter Pauli was daar in September 1989. Dis 'n verlate plek daardie en 'n mens ril as jy daar staan en die beeld voor jou oë oproep van die weerlose mense en die oormag Zoeloes. 'n Paar R4's sou mens egter meer gerus laat voel het.

Omdat die Van Rensburgs so vêr Oos was, het die Zoeloemag van 1000 -1500 hulle in helder dag, ongeveer 9h00, eers bereik. Die oorlewering lui dat daar slegs 14 weerbare mans van die van Rensburg en Pretoriusse was. Al die mense het van die waens gevlug na 'n klein koppie langs die spruit by die waens van kommandant Hans van Rensburg. Die koppie is aan die Weste en Noordekant beskut deur steil hange aan die spruitjie. Kommandant Hans van Rensburg (waarskynlik JJ b1c1d6e3 dws LW se neef) se 10(15?) jarige dogtertjie (kyk hierbo by die Grahamstown Journalberig) was by die Pretoriusse en het in die gevlug by hulle wa agtergebly, waar sy onder die komberse weggekruip het. Die Zoeloes het die groepie op die koppie aangeval wat hulleself baie goed verdedig het totdat hulle ammunisie na 'n uur begin opraak het. By die laer van Maritz het

hulle die skote gehoor vanaf die Moordspruitkant asook van die Van Rensburgkant. Marthinus (Tienie) Oosthuizen het eers seker gemaak dat sy weduweema (sy het nog nie die nuus van haar man se dood saam met Retief gehoor nie) veilig was en toe op sy perd Swartjie na die Van Rensburgs se laer gejaag. Weereens kom die familieverband tot opklaring - kyk na die stamboom: hy was die seun van LW b1c1d4e6 se vrou se neef, en net jonger as Hendrik Nicolaas, LW se seun.

Toe hy naderkom skree hulle vir hom dat daar ammunisie by die waens van die Pretoriusse was. Hy jaag toe daarheen en gryp 'n sak, maar het ontdek dat dit sout bevat, en moes toe weer soek. By een van die waens van die Pretoriusse het hy ook die dogter van kommandant Hans ontdek en haar voorop sy perd geneem. Hy moes egter toe al deur die Zoeloes jaag en die kind is afgetrek en deur die kaffers doodgemaak (wat 'n verskriklike gesig vir die moeder wat dit waarskynlik van die koppie af moes aanskou!) Haar graffie lê vandag daar in die gras naby waar die waens van die Loggerenbergs gestaan het met 'n klein tralieheining daaròm, en is een van die min Voortrekkergrafte wat geïdentifiseer is. Dit lyk asof sy by die Loggerenbergs was, maar dit kan ook wees dat Tienie haar tot daar geneem het voor sy deur die Zoeloes afgetrek is - kyk na sy roete op die kaart. Met die ammunisie in sy hand het Tienie sy pad oopgeskiet en die koppie uitgejaag. In die proses het hy Manzi mDada, die leier van die Zoeloes, doodgeskiet en hulle moed gebreek. Na die geveg het omtrent 100 Zoeloes om die koppie doodgelê.

Onder die verdedigers op die koppie was **Lucas Willem b1c1d4e6**, sy halwe broer **Willem Cornelis** asook **Hendrik Nicolaas b1c1d4e6f1**, LW se seun. LW se dogtertjie **Gertina Maria Petronella** was toe omtrent 6 jaar oud, en uit haar mond vertel haar dogter wat jare later met Ds Biccard getroud was "*As gevolg van die aanhoudende geveg is die bevel gegee dat die mans raak moes skiet, want daar was gevaar dat die kruit kon opraak ….'n sekere Oosthuizen.. op pad terug ontdek hy dat hy 'n knapsak geneem het waarin* ***rys*** *was….maar my tante, die vrou van die dappere krygsman Hendrik van Rensburg, kon Zoeloe* (waarskynlik Xhoza*) goed praat. Sy het op 'n miershoop gaan staan en hulle in hulle eie taal toegevoeg: 'Kom terug, nou wil ons eers veg!' Van al die mense in die laer was slegs my oom Hendrik in die knie gewond, maar hy het sy been op 'n miershoop laat rus en aangehou met veg tot die einde toe*". Dis die klas vroue wat vir Henry Cloete van die Engelse gesê het dat die vroue eerder met hulle kaal voete oor die Drakensberge sou loop as om onder die Britse bewind te bly.

Volgens die lys van dooies in Anna Steenkamp se verhaal, is die Harmse /Loggerenberg groep waarskynlik almal vermoor, nl 5 mans, 6 vroue en 10 kinders. Dit is moontlik, aangesien hulle naaste aan die Zoele-aanslag was en op 'n relatief oop stuk grond. Op die koppie is niemand dood nie.

Vooraf, by Thabanchu:-

..................Ons lees in Erasmus Smit se Dagboek onder 20 Des 1836 by Blesberg, (soos hulle Thabanchu genoem het) *“ook arriveerden heden de van Rensburgen in onse leger”* en weer op 10 Jan 1837 *“tegen de avond kwam onze waarde tante Martha weduwee van Hendrik Janse van Rensburg - Oudkommandant - met haren kinderen en kindskinderen in onse leger met ‘n karavaan van 14 wagens*”. Die eerste kan dui op slegs ‘n besoek te perd deur ‘n paar man soos dikwels bv ook met Piet Retief, wat die pad verken het. As jy nie kennis van die familieverbande het nie, sê so ‘n inskrywing niks. Die verbintenis kom vanaf ou Erasmus se vrou Susanna Maritz, en haar broer Gerrit Maritz, se ma wat ‘n Oosthuizen was - “waarde tante Martha” was haar suster. (op 11 April 1959 trou ‘n nasaat van die Maritze met ‘n nasaat van daardie van Rensburgs) Later meer oor diè verband by van Rensburgkoppie.